Sedert 1921

Wees jouself

Laerskool Jan van Riebeeck

Adres Kloofstraat 52, Kaapstad, 8001
Webtuiste laerskooljanvanriebeeck.co.za
E-pos ontvangs@jvrprim.co.za
Tel 021 423 4209

# TAALBELEID

## 1 Definisies

In hierdie beleid tensy anders bepaal of uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukking dieselfde betekenis as in die Wet en beteken:

1.1 "beheerraad" die beheerraad van die Laerskool Jan van Riebeeck soos voorsien in Artikel 16 van die Wet;

1.2 "Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996);

1.3 "skoolhoof" die prinsipaal van die skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, asook 'n opvoeder by die skool wat met goedkeuring van die skoolhoof en die beheerraad namens die skool handel;

1.4 "regulasies" die norme en standaarde vir taalbeleid in openbare skole en die bepalings van "taal-in-onderwys" soos deur die Minister van Onderwys in die Staatskoerant afgekondig;

1.5 "die skool" die Laerskool Jan van Riebeeck;

1.6 "taalbeleid" die taalbeleid in hierdie dokument vervat.

## 2 Uitgangspunt en basis

Die uitgangspunt en basis van die taalbeleid, is dat volle effek gegee moet word aan al die fundamentele regte ten aansien van taal van leerders in onderwysverband soos in die algemeen erken in die Handves van Regte van hoofstuk 2 van die Grondwet en spesifiek vermeld in Artikel 29(2) van die Grondwet.

## 3. Taalbeleid onderhewig aan ander wetlike bepalings: Uitleg van Taalbeleid

3.1 Die taalbeleid is onderhewig aan die bepalings van die Wet, die Wet op Skoolonderwys van die provinsie Wes-Kaap (Wet 12 van 1997) en die Regulasies vir sover dit bindend op die skool is.

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

3.2 Die taalbeleid word so uitgelê dat dit met ander toepaslike en geldige regsbepaling oor taalgebruik in onderwys versoenbaar is.

3.3 Sonder om die algemeenheid van paragraaf2.1 te beperk, is dit die uitgangspunt van die taalbeleid dat die beste belange in onderwysverband van die leerders van die skool gedien moet word en dat daar nie op enige relevante grond onbilllik of onregverdig teen enige leerders gediskrimineer mag word nie.

**4. <u>Taalgebruik by skool</u>**

4.1 Die skool is ʻn enkelmediuminstelling soos bedoel in Artikel 29(2) van die Grondwet.

4.2 Behoudens die bepalings van die taalbeleid, is die onderrigtaal by die skool Afrikaans (soos na verwys in Artikel 6(1) van die Grondwet).

4.3 Die taal waarin die skool bedryf en bestuur word, is Afrikaans met dien verstande dat kommunikasie met buitestaanders in enige taal kan plaasvind soos deur die omstandighede vereis en wat redelikerwys doenlik is.

**5. <u>Bevordering van veeltaligheid</u>**

5.1 Die skool bevorder veeltaligheid deur die aanbieding van:

Engels Huistaal as keusevak vir grade 5 tot 7 leerders.

5.2 Die aanbieding van die vakke in paragraaf 5.1 na verwys, geskied sover moontlik in die betrokke taal self.

5.3 Die skool neem redelike stappe om leerders in te lig oor die belangrikheid van veeltaligheid en om die aanleer van respek vir ander tale as net die huistaal te bevorder.

**6. <u>Ingevolge artikel 6(2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) ("die Wet") keur die Beheerraad die volgende beleid ten aansien van taal by die Skool goed.</u>**

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0